PRIVAATHEIDSKENNISGEWING

INGEVOLGE DIE WET OP DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING, 2013 (WET. 4 VAN 2013)

Laerskool Eversdal
Stepping Stones, Durbanville, 7550
Telefoon Nr.: (021) 976 8134
E-posadres: info@eversdal.org.za
Webtuiste: www.eversdal.org.za

By Laerskool Eversdal is u persoonlike inligting en dié van ons leerders vir ons van uiterste belang. Ouers wat hul kinders by Laerskool Eversdal inskryf, erken dat persoonlike inligting, insluitend spesiale persoonlike inligting van beide ouers en leerders, deur Laerskool Eversdal verwerk sal word. Ons verwerk ook persoonlike inligting van ons werknemers, beheerliggaamlede, verskaffers, besoekers wat ons perseel betree en besoekers na ons webwerf.

Die primêre doel van hierdie dokument is om te identifiseer hoe ons persoonlike inligting verwerk om voldoening aan die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (hierna "POPIA") en sy regulasies te verseker.

1. Inligting wat ons insamel:

a. Ons samel inligting oor u in soos vermeld in die tabel hieronder:

Datakategorie	Persoonlike inligting verwerk
Kinders/Leerders	Name; geboortedatum; ID/paspoortnommer/permitnommer; kontakbesonderhede: telefoonnommers (indien beskikbaar), fisiese- en posadres, e-posadres; nasionaliteit; geslag; akademiese rekord; buitemuurse aktiwiteite rekord; toekenningsrekord; welstand/mediese; dissiplinêre aksierekord; vertroulike korrespondensie; vertroulike beradingsrekord; kontakbesonderhede van noodkontakpersoon; kop en skouers foto; CCTV- beeldmateriaal; klaskamerbeeldmateriaal; video-beeldmateriaal van sport of kulturele aktiwiteite; foto's/video vir sosiale media doeleindes.
Ouers/Voogde/ Versorgers van leerders/ BL-lede	Name; geboortedatum; ID/paspoortnommer/permitnommer; huwelikstatus; kontakbesonderhede: telefoonnommers, fisiese- en posadres, e-posadres; nasionaliteit; finansiële rekords; vertroulike korrespondensie; CCTV- beeldmateriaal; foto's/video vir sosiale media doeleindes.
Verskaffers/ Kontrakteurs (natuurlike persone)	Name; geboortedatum; ID/paspoortnommer/permitnommer; nasionaliteit; belastingverwante inligting, kontakbesonderhede: telefoonnommers, fisiese- en posadres, e-posadres; name van gemagtigde ondertekenaars; nasionaliteit; kontrak om 'n diens te lewer/te verrig; vertroulike korrespondensie; CCTV-beeldmateriaal; Polisieklaring.

Werknemers	Name; geboortedatum; ouderdom; ID/paspoortnommer/permitnommer; kontakbesonderhede: telefoonnommers (indien beskikbaar), fisiese en posadres, e-posadres; nasionaliteit; geslag; huwelikstatus; etnisiteit; huistaal; onderwysinligting; afskrif van kwalifikasies, curriculum vitae; indiensnemingsaansoekvorm;verwysings; dienskontrak; beoordelings-rekords;finansiële inligting: belastingnommer, vergoedingsbesonderhede, mediese fondsnommer en subsidie, aftreefondsnommer en bydrae, ander gemagtigde aftrekkings, wettige hofbevel; dissiplinêre aksierekord; kritiese ontleding van dokumente; afskrif van professionele raadsregistrasiesertifikaat (indien van toepassing); vertroulike korrespondensie; kontakbesonderhede van noodkontakpersoon; welstand/mediese; CCTV- beeldmateriaal; klaskamer beeldmateriaal; foto's /video vir sosiale media doeleindes; Polisieklaring.
Verskaffers/ Kontrakteurs / Entiteite (regspersone)	Regsnaam van die entiteit; registrasienommer; belastingverwante inligting; Name van die kontakpersoon/s; kontakbesonderhede: telefoonnommers, fisiese- en posadres, e-posadres; kontrak om 'n diens te lewer/te verrig; vertroulike korrespondensie; Polisieklaring.
Besoeker aan 'n perseel	Naam; telefoonnommer; gesondheidsinligting; CCTV-beeldmateriaal; foto's/video vir sosiale media doeleindes.
Webwerf	Naam; Van; E-posadres.

b) Die volgende moet van kennis geneem word:

i) Laerskool Eversdal sal die nodige toestemming van 'n bevoegde volwassene versoek wanneer ons inligting verwerk en insamel waarvoor ons toestemming benodig.

ii) Ons sal toestemmingsklousules insluit vir ons leerders se inskrywingsooreenkomste, dienskontrakte en diensverskaffer/verskaffer/kontrakteurskontrakte, waar nodig.

iii) Inligting wat data openbaar maak deur advertensies, publisering op sosiale media of deur enige ander openbare kommunikasiemedium of gebeurtenis, is nie beskermde persoonlike inligting nie.

iv) Daar is geen verwagting van privaatheid in die oop ruimtes van Laerskool Eversdal se eiendom en enige plek toeganklik vir die publiek nie.

v) Daar is egter 'n verwagting van privaatheid in skooltoilette en kleedkamers. Laerskool Eversdal maak gebruik van CCTV in die skool se klaskamers, gange, wandelpaaie, sportvelde, lokale waartoe die publiek toegang het en kantore. Ons gebruik CCTV-kameras vir die sekuriteit en veiligheid van ons leerders, werknemers, skooleiendom en besoekers aan ons perseel. Kennisgewings rakende die gebruik van CCTV-kameras word by ons ingange vertoon.

c.) Persoonlike inligting en spesiale persoonlike inligting word in POPIA gedefinieer en kan op die Inligtingsreguleerder se webwerf by die volgende skakel gevind word:

https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/3706726-11act4of2013protectionofpersonalinforcorrect.pdf

2. Hoe ons u inligting en die wettige regsgrondslag gebruik:

Ons gebruik u persoonlike inligting:

a. om leerderinskrywings te verwerk;
b. om aan leerders toepaslike onderwys en ondersteuning te bied;
c. om leerders se akademiese vordering te monitor;
d. om te sorg vir die gesondheid en welstand van personeel en leerders;
e. vir administrasie van inskrywings, klasplasings, toestaan van toekennings en beurse;
f. vir administrasie van sake rakende ouers, insluitend fooie, vrystellingsaansoeke, versekeringseise, skool se BL-kieserslys, kommunikasie;

g. vir die administrasie van aangeleenthede rakende personeel;
h. om appèlle te verwerk, geskille op te los en litigasie te verdedig, ens.;
i. vir die uitvoering van dissiplinêre prosesse van leerders en personeel;
j. om te voldoen aan ons wetlike verpligtinge as 'n openbare skool ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) en enige provinsiale onderwyswet;

k) om te voldoen aan ons moniterings- en verslagdoeningsverpligtinge aan Nasionale en Provinsiale Staatsdepartemente ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), en om aan enige wet of orde van die hof te voldoen.

3. Met wie deel ons u inligting:

a. Ons deel u persoonlike inligting intern (met werknemers) en met Opvoedkundige Departemente (Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Departement van Basiese Onderwys).
b. Met derde partye, insluitend, maar nie beperk nie tot die Suid-Afrikaanse Skoleadministrasie- en Bestuurstelsel (SASAMS), Skooltoelatingsbestuursinligting (SAMI), SMSWeb, die Skoolbeheerliggaam, Xneelo (“Website Hosting”) en ander skole met verwysing na vordering en oordragte.
c. Die vlak van deel en die aard van wat gedeel word, hang af van verskeie faktore. Die Departement se liggame waarheen ons u persoonlike inligting oordra, sal u persoonlike inligting vir hul eie doeleindes gebruik (insluitend om ander inligting wat hulle reeds oor u het, te verifieer, ens.) en hulle kan dit kombineer met ander inligting wat hulle reeds oor u en u gesin het.
d. Ons deel ook u persoonlike inligting met ander derde partye, insluitend ons versekeringsmaatskappy en ander diensverskaffers (insluitend IT-verskaffers, sekuriteitsverskaffers, regsadviseurs, ens.).
e. Daar word wetlik van ons verwag om sekere rekords te verskaf rakende die vordering van 'n leerder (onder 18 jaar) in sy/haar opvoeding aan die leerder se ouers/voogde, insluitende uitslae van eksamens.

4. Ons dra nie u persoonlike inligting oor aan 'n ander land of internasionale organisasies nie.

5. Ons raak nie betrokke by outomatiese besluitneming/profilering nie.

6. Ons gebruik verskillende platforms/kanale om met u te kommunikeer.

Indien u opgedateerde inligting oor skoolaktiwiteite benodig, word ouers aangemoedig om op die skool se webtuiste aan te teken om nuusbriewe en ander kommunikasie van Laerskool Eversdal te ontvang. Ouers moet bewus wees dat hierdie kommunikasiekanaal advertensies of ander vorme van bemarking kan insluit. Daar moet kennis geneem word dat u onderaan u e-poskennisgewing kan "uitteken" en ons sal u nie weer op hierdie kanaal kontak nie. Ouers wat voortgaan om hierdie kanaal van kommunikasie te gebruik, stem in tot die ontvangs van direkte bemarkingsinligting.

Ons webwerf word ook gereeld bygewerk om aan ons ouers en leerders die nuutste inligting te verskaf. U kan ons ook op Instagram, Twitter of Facebook volg.

Vir meer inligting oor ons kommunikasiekanale, besoek gerus ons webwerf by https://www.eversdal.org.za/info/newsletters/communication/

7. Hoe lank hou ons u persoonlike inligting:

a. Persoonlike inligting word gehou vir so lank as wat dit nodig is om te voldoen aan die administrasiebehoeftes van die skool, vereistes van die Provinsiale en Nasionale Departemente van Onderwys en enige toepaslike wetgewing.
b. Sekere persoonlike inligting van leerders soos jaarlikse bevorderingskedules, afskrifte van Nasionale Senior Sertifikaatstaat van Uitslae en Nasionale Senior Sertifikate (en hul vorige ekwivalente), word behou vir solank dit in belang van die datahouers is om dit te behou.
c. Werknemers se persoonlike lêers word na drie jaar vernietig, tensy die werknemer versoek dat die skool hul inligting behou.

8. U het die volgende wettige regte wat te eniger tyd uitgeoefen kan word:

a. Reg om by die Kantoor van die Inligtingsreguleerder te kla.

i.) Kontakbesonderhede: JD House, Stiemensstraat 27, Braamfontein, Johannesburg 2001.
ii.) E-pos: complaints.IR@justice.gov.za

b. Reg op toegang tot jou persoonlike inligting.
c. Reg op regstelling van enige persoonlike inligting wat nie akkuraat is nie.
d. Reg om beswaar te maak teen die verwerking van jou persoonlike inligting.

9. Navrae en klagtes:

Gee ons asseblief eers 'n kans om enige navraag of klagte op te los deur ons by die besonderhede hieronder te kontak.

U klagte moet 'n kort beskrywing insluit van wat gebeur het, wanneer dit gebeur het en watter persoonlike inligting geraak is.

Indien u enigiets in hierdie privaatheidskennisgewing wil bespreek, kontak asseblief die skoolinligtingsbeampte:
Mnr. H. Arangies: harangies@eversdal.org.za.

Groete

MNR. H.L. ARANGIES
LAERSKOOL EVERSDAL: SKOOLHOOF:
ELEKTRONIES ONDERTEKEN